



## Gordyn of muurbehangsel

**BENODIGDHEDE:** Ongeveer 250 g wit Omega Nr. 8; hekelpen van 1,25 mm.

**MATE:** Ongeveer 50 x 110 cm.

**AFKORTINGS:** ks - kettingsteek; kb - kortbeen; lb - langbeen; dsl - dubbelslagsteek; st(e) - steek(steke); sp(s) - spasio (spasies); blk(s) blokkie(s); herh - herhaal; vlg - volgende; alt - alternatiewe.

**Enkelfilet:** 1lb om te begin; \*1ks, slaan 1 st oor, 1lb in vlg st.

**Blokkie:** 1lb om te begin; \*1lb in vlg st of sp, 1lb om blokkie te voltooi.

**Dubbelfilet:** 1dsl om te begin; \*2ks, slaan 2 ste oor, 1dsl in vlg st.

**AANWYSINGS:** Begin met 181ks, draai en plaas 1e lb in 7e ks vanaf hekelpen.

Hekel 6 rye enkelfilet.

**7e ry:** Begin met 6ks, nl. 1dsl plus 2ks; slaan 1e sp oor, 1dsl in 2e sp, \*2ks, slaan 1sp oor, 1dsl in vlg lb, 2ks, slaan 1sp oor, 1dsl in vlg sp; herh tot einde.

**8e-11e ry:** Deurgaans dubbelfilet.

**12e-17e ry:** Deurgaans enkelfilet.

**18e-22e ry:** Deurgaans dubbelfilet.

**23e ry:** Kyk op diagram en begin met koringaarmotief.

Voltooi motief volgens diagram en herhaal dan 22e-7e ry in dié volgorde.

**OMRANDING:** Hekel in rondtes om middelstuk soos volg:

**1e rondte:** 3lb in sp, 2ks, slaan 1sp oor (hekel aan lang syrande 3lb, 2ks, in elke alt sp) tot einde.

**2e-10e rondte:** 3lb in sp, 2ks.

**11e rondte:** \*1kb in middelste van 3lb, (1h1b, 1lb, 1dsl, 1lb en 1h1b) in vlg sp; herh rondom.

Knip garing af en werk netjies af. ●

